## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sitkamer en Dinsdag is daar geen groep agv die Ringsitting.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00 by sy huis. Donderdag om 09:00 op Vleesbaai en Boekleesgroep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Geen Gebedsbyeenkoms agv Ringsitting.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat".

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerkgebou (Aflos) en op Vleesbaai (Aflos). *Geloofsgelofte-offers word tydens dienste gemaak.* Kinderkerk (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Sending in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vergader om 10:15. Gr. 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**GEBEDSWEEK:** Jerigo Mure mobileer dorpe en stede om vir 7 jaar (tot 2019) jaarliks vir 7 weke te bid vir ons land. Elke dorp neem 7 dae. Mosselbaai se gebedsweek is 4-10 September. Riglyne is op die tafel in die portaal beskikbaar of elektronies van ds André.




**GELOOFSOFFERDIENS:** Volgende Sondag is dit weer die geleentheid waar ons ons geloofsoffers vir die jaar hernu. Ons gaspredikers (dorp en Vleesbaai) is die leiers van die span waaronder Neels en Esmé Meyer gaan werk in George. Hulle het al in vele lande gewerk en is baie betrokke by die bevryding van vrouens wat in slawerny ("trafficking") beland het. Ons glo ons gaan baie verryk word deur hulle boodskappe.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 4 September 2016**

*"Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen" (1 Kor 9:24)*

## PROGRAM VIR VANDAG (NAGMAAL)


**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Instituut vir Dowes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag om 10:30. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## LENTEDANKFEES 2016

Ons nooi almal uit om DV op Vrydag, **9 September 2016** in en om kerksaal lekker fees te kom vier! **Vanaf 10:00** sal daar reeds 'n **TEETUIN** wees waar heerlike drinkgoed, koek en tert geniet kan word. 'n Ligte middagete sal ook verkoop word. 'n Wimpy-waentjie sal ook heerlike koffie en hamburgers verkoop. By die teetuin sal ook plantjies, saailinge, koejawels, proteas en fynbos te koop wees! Die **speletjies** vir die kinders begin om **16:00** en die ouers kan dan in die teetuin kuier totdat die basaar om 17:00 open. Kaartjies kan by die tente bekom word. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Bring gerus u vriende en familie saam!



Onthou die **Vis-en-Chips ete** @ R35. Kaartjies moet voor **môre 12:30** by die kerkkantoor gekoop word—hoeveelhede is beperk! Skakel die kantoor as u nie self kan kom nie.

**Vleis** word Maandag en Dinsdag vanaf 08:30 gewerk. Ons het baie hande nodig om te help! Wors en maalvleis kan **Dinsdag vanaf 11:00** gekoop word.

**BANKBESONDERHEDE**


*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).


**HULP IN EREDIENS:** Ons het lidmate nodig wat kan help met reëlings in en om eredienste. Gee jou naam deur vir ds Danie op 084 701 4386.

**ALPHA KURSUS:** Laat weet asb so gou moontlik of jy gaan inskakel by Alpha. Enige vriende wat jy kan saambring sal welkom wees. Ook (veral!) kerklos of kerklose vriende. Begin 18 September en strek vir 11 weke. Kom woon by al gaan jy nie die hele tyd kan bywoon nie. Sondagaande van 17:00 tot 19:00. Sluit ligte ete in. Bywoning gratis. Laat weet die kerkkantoor of ds Robert.



**BEWYSE ONTVANG:** Juan-Marié Francis Heidevilla vanaf Geref Kerk Mosselbaai.

**BENODIG:** Die ACVV Seebries tehuise in Mosselbaai benodig toiletware vir hulle inwoners: Seep, skeermessies, shampoo, detol, tandepaste, poeier, ens. Ou tydskrifte waaruit die inwoners kan knip en plakwerk doen. Kontak Joey Huysamen by 044-6904402 / 044-6904702. Skenkings kan afgelaai word by ONS HUIS, Montagustr 114.



**KOMMUNIKASIE:** Indien u oor 'n epos-adres beskik en dit nog nie aan die kerkkantoor deurgegee het nie, stuur asb 'n epos met u adres en selfoonnr. na die kerkkantoor: ngkerkmsb-suid@absamail.co.za. Indien u 'n nuwe selfoonnommer kry, stel dit ook asb by die kantoor reg of gee u nommer deur as die kerkkantoor dit nog nie het nie.

**HULP AAN GEMEENTESEUN:** By die deure is 'n lys waar u 'n donasie kan belowe vir 'n 16jarige seun van ons gemeente wat gediagnoseer is met skoliose en 'n lewensnoodsaaklike operasie by Groote Schuur Hospitaal moet ondergaan. Hulle benodig oor 2 maande R50 000 om hierdie operasie te kan laat doen.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.



**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir die Blommekomitee was R2 041-90.

**VLEISTAFEL:** Hoewel die vleispryse sedert Maart baie gestyg het, sal ons steeds goeie kwaliteit wors en maalvleis voorsien. Ons benodig baie hande vir die verwerking van vleis. Maandag, 5 Sept om 08:30 en Dinsdag, 6 Sept om 08:30. Wors en maalvleis sal Dinsdag vanaf 11:00 te koop wees.



# GEBEDSBULLETIN



**September se tema: Ons Sendelinge**

**Dank die Here die week vir:**

* Elke lidmaat wat hierdie week offers gaan bring vir die lentedankfees.
* Die wete dat ons tye in sy hand is (Ps 31).
* Sendelinge wat namens ons met die evangelie tot die uithoeke van die wêreld gaan.

**Bid hierdie week vir:**

* Dowes of mense wat sukkel met gehoor (Biddag vir Dowes).
* Die Nasionale Instituut vir Dowes - dis in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Tans word Dowes ook as predikante en pastore opgelei om die meer as 400 000 onbereikte Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doof-blinde persone.
* Die dankfees se saamwerk, saamkuier en gemeenskap van gelowiges.
* Die moderamenvergadering van die Algemene Sinode van 5-7 September in Johannesburg.
* Meer politieke en ekonomiese stabiliteit in die land se regering.
* Regeringslui wat vanuit sterk morele oortuigings hulle werk doen.
* Die onstabiliteit op ons universiteitskampusse terwyl daar oor fooie onderhandel word.
* Gemeentes se vroeë kinderontwikkelingsprojekte.
* Die ringsitting Dinsdag by Hartenbos.
* Dat ons almal opnuut ons gestuurdheid sal verstaan en erns maak daarmee.
* Matrieks besig met rekord-eksamens.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Pieter Kempen van Boggomsbaai, Lukas Muller Kleinberg, Mariaan Huisamen Blombosch, Bessie Zietsman Santos Haven, Hannes Verwey 21ste Laan, Magriet Merrick Huis Karos, Lené Shoeman Kruisbessiestr, Aneen van Wyk Boggomsbaai, Piet Swanepoel Heidevilla, Miems Oosthuizen Kenani, Roelien Jacobs Stinkhoutstr.




**Sterftes:** Vader van Frans Crous De Bosse.